higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 4

(3011034)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 addendum.

482Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SKEP VAN NUWE ONDERNEMING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 In ‘n SWOT-ontleding is geleenthede intern.

1.1.2 Opleiding verwys na die verwerwing van vaardighede en kennis.

1.1.3 Waarneming is ‘n tipe navorsingsmetode.

1.1.4 Die aansoekproses vir bankfinansiering is stadig.

1.1.5 Wangedrag is slegte of onetiese optrede.

1.1.6 Die doelwit van enige ondernemingseienaar is om ‘n wins te maak.

1.1.7 Prysbepaling is die proses om die totale bedrag te bereken wat dit ‘n onderneming sal kos om ‘n produk van die begin tot einde te skep.

1.1.8 Werknemers kan deur hul maatskappy se gedragskode Blaai wanneer dit ook al vir hulle gerieflik is.

1.1.9 Direkte mondelinge reklame is ‘n duur manier om ‘n onderneming te adverteer.

1.1.10 Jy kan jou produk verbeter deur nuwe kenmerke by te voeg.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Reklame is ‘n voorbeeld van … koste vir ‘n nuwe onderneming.

1.2.2 Verkope – Koste van verkope = … .

1.2.3 ‘n Voertuig is ‘n voorbeeld van ‘n … bate.

1.2.4 ‘n … is ‘n finansieringsmetode wat jou in staat stel om ‘n bate te verkry sonder om ‘n groot bedrag geld te belê.

1.2.5 Wanneer jy nie ‘n wins of verlies maak nie, ….

1.2.6 Om voordeel uit maatskappymotors te trek, is ‘n vorm van … gedrag.

1.2.7 Die akroniem EEA staan vir … .

Kopiereg voorbehou

1.2.8 'n Aanspreeklikheid wat voorspruit uit iemand se weiering of versuim om hul verpligtinge na te kom, word … genoem.

1.2.9 … beteken die proses wanneer 'n maatskappy in die openbaar die dienste van 'n ander entiteit vir die verskaffing van bepaalde goedere of dienste versoek.

1.2.10 'n Uitgawe wat nie verander wanneer produksievolume toeneem of afneem nie, word … koste genoem.

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Croco Shandis is op 5 Mei 2021 as 'n privaat maatskappy gestig deur die eienaar, Sandile, Croco Shandis verkoop krokodilvleis: die snitte sluit in stert, filet, steaks en biltong. Krokodil is witvleis en smaak soos 'n kombinasie van krap en hoender. Krokodilvleis het 'n hoë voedingswaarde, met baie min vet. Die vleis bevat egter kwik wat uiters gevaarlik vir swanger vrouens is.



VRAAG 2

2.1 Croco Shandis is 'n pas opgerigte onderneming en die eienaar en personeel moet dus opgelei word. Identifiseer TWEE tipes opleiding wat jy sal aanbeveel. (2 × 2) (4)

2.2 Verduidelik DRIE moontlike verspreidingskanale wat Croco Shandis kan gebruik om te verseker dat hulle produkte die verbruiker bereik. (3 × 2) (6)

2.3 Verduidelik aan Sandile as 'n nuwe sake-eienaar hoe belangrik netwerkvorming is om te verseker dat sy onderneming kan uitbrei. (4 × 2) (8)

2.4 Net soos met enige onderneming, is daar bepaalde kontrakte wat die onderneming sal sluit.

Verduidelik DRIE tipes kontrakte wat Croco Shandis kan sluit. (3 × 2) (6)

2.5 Verduidelik aan die hand van TWEE voorbeelde hoe die Wet op Diensbillikheid ('Employment Equity Act') op Croco Shandis van toepassing sal wees. (2 × 2) (4)
[28]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE vaste bates wat deur Croco Shandis benodig word om te verseker dat hulle hul voorraad betyds by die verskaffer kan kry en dit aan die klant aflewer. (2 × 2) (4)

3.2 Bank is uiteraard finansiële instellings wat befondsing vir ondernemings bied.

Verduidelik TWEE tipes befondsingsopsies van banke wat Croco Shandis kan gebruik. (2 × 2) (4)

3.3 Verduidelik kortliks DRIE voordele vir ondernemings wat bates-en-lastestate opstel. (3 × 2) (6)

3.4 Omdat Croco Shandis 'n nuut gestigte onderneming is, kan Sandile dalk sukkel om finansiering te verkry.

Verduidelik DRIE algemene redes waarom banke finansiering kan weier. (3 × 2) (6)

3.5 Gebruik ADDENDUM A (aangeheg) om 'n kontantvloeistaat vir drie maande op te stel. Gebruik die inligting hier onder:

Die banksaldo soos aan die einde van Oktober is R10 000.

MAANDE	BERAAMDE INKOMSTE	BERAAMDE AANKOPE
Oktober	R8 000	R6 000
November	R7 000	R5 000
Desember	R15 000	R10 000
Januarie	R9 000	R7 000

Ander inligting:

1. Ou toerusting in Desember verkoop vir R2 000.
2. Die gemiddelde uitgawes per maand is R5 000.
3. 20% van alle verkope is op krediet. Dit word 30 dae later betaal.
4. 10% van alle aankope s is op krediet. Hulle betaal na 30 dae.
5. Die maatskappy beplan om in Desember nuwe toerusting ter waarde van R28 000 te koop. Die deposito is R2 800 en die maandelikse betaling daarna sal R1 200 vir sestig maande wees.

(26)
[46]

VRAAG 4

4.1 Daar is verskeie belanghebbers wat in aanmerking geneem moet word wanneer ‘n gedragskode vir ‘n onderneming opgestel word.

Verduidelik die VIER belanghebbers wat ‘n gedragskode vir Croco Shandis in aanmerking sal moet neem. (4 × 2) (8)

4.2 Croco Shandis handel in voedsel wat bevrore gehou en van die verskaffer na die klant vervoer moet word.

Bespreek VYF punte wat by Croco-Shandis se Gedragskode ingesluit moet word. (5 × 2) (10)

4.3 Identifiseer DRIE elemente wat Sandile moet verseker in plek is voordat hy kan optree teen ‘n werknemer wat van die Gedragskode afgewyk het. (3 × 2) (6)

4.4 Behalwe ongemagtigde afwesigheid, verduidelik DRIE ander afwykings wat in die Gedragskode hanteer moet word. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

Internasionale Bedryfstandaarde vir Krokodilplase is deur die Internasionale Vereniging vir Krokodilboere ontwikkel. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Krokodilbedryf, in samewerking met ander belanghebbers, het Nasionale Standaarde en Goeie Bedryfspraktyke ontwikkel, en bevorder die etiese produksie van krokodilprodukte.

Die Nasionale Vereniging vir die Verkoming van Dieremishandeling (NSBV), word deur die Nasionale Wet op Dierebeskerming gemagtig om die wetgewing af te dwing en gebruik die standaarde as riglyne om die status van dieregesondheid en -welsyn op krokodilplase in Suid-Afrika te monitor.

5.1 Dit blyk duidelik uit die inligting hier bo dat daar verskeie verenigings is wat verseker dat die krokodilbedryf goed bestuur en beheer word. Daar is egter altyd diegene wat probeer kortpaaie neem.

Noem DRIE maniere waarop Croco Shandis kan verseker dat hulle net by plase met ‘n goeie naam koop. (3 × 2) (6)

5.2 Alle ondernemings in Suid-Afrika moet aan verskeie Wette of kontrakte voldoen. Versuim om dit te doen word as nie-nakoming beskou en so ‘n onderneming stel homself bloot aan verskeie regsgevolge.

Verduidelik VYF stappe wat teen ‘n onderneming gedoen kan word wat in stryd met ‘n Wet of kontrak optree. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.3 Verduidelik die volgende konsepte:

5.3.1 Regsaanspreeklikheid

5.3.2 Middellike aanspreeklikheid

5.3.3 Persoonlike aanspreeklikheid

5.3.4 Openbare aanspreeklikheid

5.3.5 Kontraktuele aanspreeklikheid

(5 × 2) (10)

5.4 Noem DRIE oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge wat ten doel het om die bestuur van werknemers deur werkgewers te beheer. (3 × 2) (6)

[32]

VRAAG 6

6.1 Bespreek VIER eksterne faktore wat die pryse van krokodilvleis beïnvloed. (4 × 2) (8)

6.2 Weens die aard van die onderneming, kan daar bepaalde uitdagings wees om krokodilvleis te bekom. Verduidelik DRIE moontlike redes daarvoor. (3 × 2) (6)

6.3 Dui aan of die volgende 'UITGAWES' of 'INKOMSTE' is deur slegs 'uitgawes' of 'inkomste' langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.3) in die ANTWOORDBOEK.

6.3.1 Terugbetaling van 'n lening

6.3.2 Brandstof gebruik

6.3.3 Rente op spaarrekening

(3 × 1) (3)

6.4 Die identifisering van verskaffers by wie gekoop word is vir enige onderneming belangrik, maar soveel te meer wanneer kos ter sprake is.

Verduidelik VIER faktore wat Sandile in aanmerking moet neem wanneer hy moontlike verskaffers identifiseer. (4 × 2) (8)

6.5 Weens die aard van die produk wat verkoop word, kan Sandile dalk nie altyd voldoende voorraad by een verskaffer kry nie.

Noem AGT maniere wat hy kan gebruik om ander verskaffers te soek indien nodig.

(8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

6.6 Krokodilvelle is verantwoordelik vir ongeveer 90% van krokodilplase se totale inkomste, met krokodilvleis wat die res genereer.



Verduidelik DRIE produkte wat uit krokodilvel gemaak kan word.

(3 × 2) (6)

6.7 Behalwe vir krokodilvleis, noem nog VYF ander tipes vleis wat algemeen in Suid-Afrika geëet word. (5 × 1) (5)

[44]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

ADDENDUM A

VRAAG 3.5

Kontantvloeistaat

MAAND	**November**	**Desember**	**Januarie**
Banksaldo aan die begin van die maand			
INKOMSTE			
Kontantverkope			
Kredietverkope			
Ander inkomste			
Totale inkomste			
UITGAWES			
Kontantaankope			
Kredietaankope			
Maandelikse uitgawes			
Ander uitgawes			
Totale uitgawes			
Banksaldo aan die einde van die maand			

Kopiereg voorbehou